Publication: SAKE (Rapport)
Date: 2015-09-06
Page: 4

# Boedelbelasting en UA'e – wet gewysig

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek wil vandag vir lesers 'n bietjie lig werp op die huidige debakel oor uittree-annuïteite en boedelbelasting.

Baie mense is veral sedert verlede jaar aangeraai om geld in 'n uittree-annuïteit (UA) te belê, om so boedelbelasting by afsterwe te vermy. Sommiges het etlike miljoene rande so belê. Nou word die wet gewysig. Sekere bedrae in uittree-annuïteite kan wel in aanmerking kom vir boedelbelasting.

Ek het verlede jaar reeds in die rubriek gewaarsku dat die vrystelling van boedelbelasting 'n vergissing van die belastinggaarder kan wees en nooit die bedoeling nie. Ek het, ten onmin van baie, ook die etiek bevraagteken van finansiële raad gegrond op so 'n ooglopend tydelike skuiwergat in die wet. Die Belastingwysigingswet van 2015 het my korrek bewys.

Waar lê die probleem?

Die vrystelling van boedelbelasting vir geld in 'n UA is sedert 1 Januarie 2009 in die Boedelbelastingwet ingeskryf. Ná afsterwe kan 'n begunstigde 'n annuïteitsinkomste uit die UA-geld trek, wat belasbaar is in die begunstigde se hande. Die geld kan egter ook in kontant aan die begunstigde uitbetaal word en dís waar die knoop lê.

Die kontantuitbetaling word belas ingevolge die Tweede Bylae van die Inkomstebelastingwet op 'n skaal afhangende van die bedrag, met 'n maksimum van 36% op alles bo R1 050 000. Maar die belasting op die kontant word gehef in die hande van die oorledene, nie die begunstigde nie.

Dit het die skuiwergat oopgemaak. Geld wat in die UA belê is en waarop die oorledene nie tydens die tyd dat hy gespaar het 'n aftrekking vir inkomstebelasting kon kry nie (bydraes tot UA'e is belastingvry binne perke), is dan aftrekbaar van die kontantuitbetaling vóór die belasting gehef word.

Dit het daartoe gelei dat baie makelaars, op aanbeveling van regsadviseurs by versekeringsmaatskappye, kliënte aangemoedig het om groot bedrae kontant in UA'e te belê om so die boedelbelasting te vermy.

Die 2015-wetswysigings gaan dié skuiwergat toestop. Die wet sal bepaal dat bydraes tot 'n uittree-annuïteit wat nie aftrekbaar was vir inkomstebelasting nie en nie aan die oorledene vóór sy dood uitbetaal is as pensioen nie, onderhewig sal wees aan boedelbelasting.

Jy het nog tot 1 Januarie 2016 tyd om dood te gaan as jy die "belastingvoordeel" wil kry.

Dis kortliks die storie. Dat niemand dit kon sien kom nie, gaan my verstand te bowe. As jou geld daar in is, kan jy dit ook nie nou daar uitkry nie. Dit bevestig my herhaalde vermaning in my rubrieke om nie toe te laat dat die belastingstert die beleggingshond swaai nie.

Maak seker jy kry kundige raad van 'n gekwalifiseerde finansiële beplanner voor jy produkte koop. Die produk is die maklike deel, dis die raad waarin die waarde lê.

Is dit sleg om meer kontant in 'n UA te belê as waarop jy 'n aftrekking vir inkomstebelasting kan kry? Beslis nie. Jy gaan net nie boedelbelasting daarop vermy nie. Net dit waarop jy 'n aftrekking vir inkomstebelasting kon kry, is vrygestel van boedelbelasting.

Al vermy jy nie boedelbelasting nie, al die groei in die UA is vry van belasting. Dit sluit in inkomste-, kapitaalwins-, sowel as dividendbelasting. Verder, by aftrede, is die pensioen wat jy aankoop met die geld uit die UA belastingvry tot die volle waarde van daardie geld wat jy bygedra het en waarop jy nie 'n aftrekking kon kry nie.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa.*

*Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*